

Sing vooraf staande: Psalm 145:1, 5, 8 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.
- 8 U magdaad blink – 'n son aan die gewelf! / U koninkryk is ewig soos Uself.
Tog help U, HEER, wie hier voor onheil swig, / wie neerstort, word deur U weer opgerig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Geloofsbelydenis Nicea.

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met
Ps. 40:4 (p. 205)*

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

Psalm 147:4 (p. 706)

- 4 Gods sterkte is nie soos mensemag / wat heil van oorlogspeserde wag,
of van die bene, sterk gebou, / waarop die krygsman vas vertrou.
Maar húl alleen kan Hom behaag / wat needrig na sy sterkte vraag,
en, hoe dit ook mag teëloop, / Hom vrees en op sy goedheid hoop.

Skriflesing: Sagaria 13

Teks: Sagaria 13:4, 9

**En in dié dag sal elkeen van die profete, as hy profeteer, hom skaam
oor sy gesig; en hulle sal die harige mantel nie aantrek om te lieg nie.
(Sagaria 13:4 AFR53)**

**Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens
silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal my Naam
aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê:
Die HERE, my God! (Sagaria 13:9 AFR53)**

Die Kerk op aarde sal 'n tyd beleef wanneer huigelaars onder die voorwendsel van
nederigheid en waarheid God gaan verag.

- Daar word dus voorspel dat daar tye van verval in die Kerk gaan kom.

Maar daar gaan ook 'n tye kom wanneer die Here sy Kerk gaan suiwer.

- Daar gaan 'n dag kom dat 'n valse profeet se eie moeder hom om die lewe gaan bring en sê dat hy leuens in die Naam van die Here verkondig.

Die dinge sal so gebeur omdat dit nie enige mens is wat sonder meer voor God kan gaan staan en beweer dat hy die Here se raad preek nie.

- Dit kan slegs gebeur wanneer die Here iemand roep om dit te doen.
- As die HERE sê: Dit is My volk!
- Dan kan ons sê: Die HERE, my God!

Die gedeelte onderstreep dus onder andere die feit dat die onregverdiges geen kans het om die oordeel van God te oorleef nie.

Ons gaan deur al die dinge wat hier openbaar word vanuit drie gesigspunte:

- 1. Moderne afgodery**
- 2. Die Kerk kom tot bekering**
- 3. Waar pas ons?**

1. Moderne afgodery

Dit gaan daaroor dat die Kerk wat in sondes verval het, weer volmaak gemaak sal word.

- Daarom voorspel vers een 'n heilstyd.
- Daar sal 'n geopende fontein wees.

Die betekenis van hierdie profesie is dat die sonde verwyder gaan word.

Vir ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges begin die Christusprediking al met hierdie woorde, want geen verlossing kan buite die Here Jesus Christus om plaasvind nie.

- Al is dit in die Ou Testament geskryf, sê die Here presies dat hierdie proses van sondeverwydering deur die Here Jesus Christus gedoen sal word.
- Lees gerus hoofstuk 12:10 waar die Here voorspel dat Hy sy Gees oor die huis van Dawid sal uitgiet, en dat **hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het.**

Die Fontein wat in Jerusalem sal opspring, voorspel die Here Jesus Christus.

- Hy sal die hele huis van Dawid skoonwas van al hulle sondes.
- Ons het natuurlik hier 'n sinspeling op die doop!
- Dit sluit ook nog verder aan by die Here Jesus Christus se gesprek met die Samaritaanse vrou waar Hy vir haar sê dat Hy lewende water het wat sal veroorsaak dat sy nooit weer dors word tot in ewigheid toe nie.

Hierdie gedeelte in die Ou Testament beskryf die verlossingswerk van die Here Jesus Christus tot met die wederkoms.

In hierdie hoofstuk waarsku die Here spesiaal teen afgodery en valse profesie.

- Dit beteken nie noodwendig dat ons nou nie meer voor houtgode of beelde mag neerkniel nie.
- Dit beteken ook dat ons nie 'n moderne vorm daarvan mag beoefen nie, naamlik om die ware godsdiens met die leuens te vervang.
- Ons mag nooit die waarheid in die Naam van die Here verdraai, of dinge in ons godsdiens byvoeg wat die Here uitgesluit het nie.

Moderne afgodery is om jousef vóór God te stel:

- Ons doen sonde omdat ons nie wil doen wat God van ons eis nie.
- Dis ook afgodediens as ons onself aanbid en verheerlik.
- Verwaandheid is afgodsdien omdat 'n verwaande mens sy eie god is!

Vers 2 gaan verder:

En in dié dag, spreek die HERE van die leërskaare, sal Ek die name van die afgode uit die land uitroei, sodat aan hulle nie meer gedink sal word nie; en ook die profete en die onreine gees sal Ek uit die land laat wegtrek. (Sagaria 13:2 AFR53)

- Die Here sê dat Hy op dié dag die name van die afgode uit die land sal uitroei.
- Saam met die afgode sal ook die valse profete weggeruk word.
- Die valse profete is die mense wat valse godsdienste onder die mense laat posvat.
- Hulle word ook genoem profete van die onreine gees.

Onreine gees staan teenoor die Gees van God, wat die Here oor sy volk sal uitgiet (Hoofstuk 3:10).

- ***Die Gees van God werk nou in die harte van sy volk.***
- ***Hy beweeg hulle om van die onreine gees en alles wat hy doen, ontslae te raak.***

Dit word hier Ou-Testamenties gestel, maar dis presies hoe die kruisiging van Jesus Christus verloop het.

- Na sy hemelvaart het hy sy Gees teruggestuur om ons in alle waarheid en geregtigheid te lei.
- Wat is dit anders as om die valse gees uit die lewe van elke gelowige en uit die Kerk uit te dryf?

Luister net hoe ernstig waarsku die Here sy Kerk:

- Ons moet nie dink dat elke profeet 'n profeet van die Here is nie.
- Die Here waarsku hier dat daar profete is wat die profeetskap net as 'n dekmantel sal gebruik om leuens te vertel en om allerhande onsuiver dinge te doen.

2. Die Kerk kom tot bekering

Wat hierdie gedeelte baie besonders maak, is die feit dat dit hier lyk asof die Gees van God in daardie tye heeltemal van al die profete gewyk het. Ons lees ook in Jeremia 5:30, 31 van so 'n toestand.

'n Ontsettende en afskuwelike ding het in die land gebeur: die profete profeteer vals, en aan hulle sy oefen die priesters mag uit, en my volk wil dit graag so hê. Maar wat sal julle doen aan die einde daarvan? (Jeremia 5:30-31 AFR53)

Daar was blykbaar geen ware profeet in daardie tyd nie.

Vers drie openbaar iets wat belangrik is

En as iemand nog wil profeteer, sal sy vader en sy moeder wat hom verwek het, vir hom sê: Jy mag nie langer lewe nie, want jy het leuens in die Naam van die HERE verkondig; en sy vader en sy moeder wat hom verwek het, sal hom deurboor as hy wil profeteer. (Sagaria 13:3 AFR53)

Die Here leer darem hier dat daar ook tye in die kerkgeskiedenis kom wanneer die Kerk weer op die regte pad kom.

- Dit gebeur nie sonder baie ellendes vir die gelowiges wat die pad terug na die Here toe wil loop nie!
- Beskerming van die eer van die Here mag vir ons baie, baie pynlik wees.
- Jy sal dalk te staan kom teen die mense wat vir jou die kosbaarste en dierbaarste in die lewe is – jou kinders.
 - Hier staan dat as iemand nog wil profeteer, sy eie ouers hom dit sal verbied.
 - As hy tog profeteer, sal hulle hom doodmaak omdat hy die Naam van die Here belaster het.
 - Hy mag dus net die waarheid praat oor die Here.

Dit geld natuurlik net die tye wanneer die Here die leuen verdryf het!

Die valse profete sal hulle skaam vir dit wat hulle sê. Maar nou moet ons hierdie skaamkry reg verstaan:

- *Die Bybel bedoel nie dat hulle bekeer sal word en innerlik verander wanneer hulle skaam kry nie.*
- *Hulle sal uit vrees vir hulle lewe liever stilbly omdat daar in daardie tyd net die waarheid gepraat mag word.*

Ons het in vers drie 'n verwysing na Deuteronomium 18:20 en Deuteronomium 13:6. Daar beveel die Here dat enige profeet wat dit durf waag om valse leringe in die Naam van die Here te verkondig, onmiddellik moet sterwe.

Maar die profeet wat so vermetel is om 'n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe. (Deuteronomium 18:20 AFR53)

As jou broer, die seun van jou moeder, of jou seun of dogter of die vrou wat jy liefhet, of jou vriend wat soos jou eie siel is, jou in die geheim verlok en sê: Laat ons gaan en ander gode dien – wat jy en jou vaders nie geken het nie, (Deuteronomium 13:6 AFR53)

Daar word verder in vers drie gesê dat hulle nie weer **die harige mantel sal aantrek om te lieg nie.**

- Profete het mos harige mantels gedra wanneer hulle in die Naam van die Here geprofeteer het.
 - Ons lees in 2 Konings 1:8 dat Elia so 'n harige mantel gedra het toe hy vir die boodskappers van Ahasia geprofeteer het.
 - Ons lees in Matteus dat dit ook die drag van Johannes die Doper was.
- Die teks beteken dus doodeenvoudig dat 'n valse profeet nie weer in die amp van die Here vermom kan raak, en aan die mense valse leuens en valshede in die Naam van die Here kan verkondig nie.
- Die teks veronderstel dus dat daar mense was wat allerhande dinge gedoen en verkondig het wat sleg was – en hulle was almal kerkklidmate.
- Maar daar sal 'n dag kom wanneer hulle aan die kaak gestel sal word.
 - Die Gees van die Here sal hierdie valse mense so ontuis laat voel in die Kerk, dat hulle selfs hulle vroeëre amp as profeet sal ontken!
 - Hulle sal stry en sê dat hulle boere is.

Maar die littekens aan hulle liggame sal hulle verrai.

- Die geskiedenis van hierdie woorde is dat afgodsprofete in daardie tye hulleself voortdurend verwond het om daarmee hulle godsdienstige geesdrif te bewys.
- 'n Voorbeeld hiervan wat aan ons almal bekend is, is die geskiedenis van die profete van Baäl op Karmel.
 - Hulle het hulle ook almal verwond totdat die bloed geloop het.

Dit blyk nou uit hierdie gedeelte dat die dienaars van die Here ook soos die heidene aan die dwaal kan raak.

- Hulle kan ook verduister word deur die gees van onreinheid – en nogal so erg dat hulle die merktekens van valse profete kry.
- Die boosheid sal ook in die lewe en werk van die leiers van die Kerk insluip.

Ons moet dus daarteen waak! Ons moet deel wees van die kerkvolk wat deur God tot bekering gebring word.

Dan begin die Here vertel hoe Hy sy Kerk rein gaan maak.

- Daar sal 'n Herder wees oor sy kudde, maar God se swaard sal Hom teen die grond neerslaan.
- Die woorde beskryf Jesus Christus se lyde.

Wat beteken die uitdrukking: **Ontwaak my swaard!**

- Dis 'n uitdrukking wat deur die profete gebruik is om aan te toon dat God se raadsplan verantwoordelik is vir hulle optrede.
- Maar dit dui ook aan dat God se raadsplan op daardie punt beslis dat hulle moet doodmaak!

Dis duidelik dat dit 'n oordeelsaankondiging is.

- Die bekering van die Kerk kom nie in die gedaante van heerlikheid nie – dit kom in die gedaante van oordeel.
- Die kwaad word doodgemaak.
- Die skape sal verstrooi word, en twee derdes sal verdelg word.

Dit hang ook saam met die vorige profesie dat die Gees van God oor hulle uitgestort sal word.

- Die Heilige Gees, saam met die gerig van God, sal alle kwaad uit die Kerk uitroei.

Dit gebeur op twee maniere:

- Tot voor die wederkoms gebruik God gemeentelede om die wat Hom tot oneer is, uit sy gemeente uit te roei.
- Met die wederkoms self is dit God wat eiehandig die laaste oordeel uitvoer -- dan word daar gestraf en gered in die Naam van Jesus Christus.

3. Waar pas ons?

Alle lidmate wat waarlik gelei word deur die Heilige Gees, is baie bekommerd oor die reg van God.

- Kom ons dink maar aan die saak soos wat dit hier geskryf staan: Hoe geweldig diep moet dit 'n pa en 'n ma roer as hulle hulle kind moet doodmaak omdat sy godsdienst vals is!
- Die laaste vers leer dat hierdie suiweringsproses soos vuur deur die Kerk moet gaan.
 - Soos wanneer 'n geweldige warm oond goud en silwer suiwer maak.

Almal wat die toets deurstaan word deur God aangespreek met die woorde:

- **Dit is My volk!**
- Dit is al die mense wat deur God geregverdig is om voor Hom te mag staan.

Die uitverkiesing word ook deur hierdie gedeelte gepreek. Kyk wat staan hier:

- Hulle het nie eerste die Here aangeroep en toe noem Hy hulle sy volk nie.
- God het hulle eers sy volk genoem, en toe sê hulle: Die Here my God!

Kyk nou na die toepassing van hierdie gedeelte: Ons is uitverkorenes.

- Dis ook waarom ons in die Kerk bymekaar is.
- Daarom moet ons almal op God se roep antwoord dat ons sy volk is.
- Ons moet nie net antwoord met woorde nie.
 - Ons lewe moet dus verkondiging wees dat ons die Drie-Enige God in ons lewe ken en aanbid.
 - Wat ons doen, moet in ooreenstemming wees met alles wat die Bybel leer.

Terwyl dit in die gedeelte oor ouers en kinders gaan, kom ons spits ons toepassing ook daarop toe.

- Dra ons wat ouers is, God se profetekleed in die dinge wat ons kinders by ons leer?
- Is ons in alles eerlik met hulle?
- Of doen ons allerhande sondes waarin ons kinders later in ons voetspore gaan volg?

Ons sal ook voor die Here staan oor ons kinders – nie oor wat van hulle in die lewe geword het nie, maar oor wat ons hulle geleer het voordat hulle die huis verlaat het.

- Vermaan ons ons kinders liefdevol oor verkeerde dinge wat hulle doen, soos die Bybel hier van ouers verwag?
- Of los ons hulle maar ter wille van vrede.
 - Mens hoor dikwels die argument dat die tye verander het, en dat die kinders van vandag maar so moet lewe, en ons moet dit aanvaar.
 - Dis waar dat daar dinge is wat ons kan aanvaar, maar is die dinge wat ons by ons kind aanvaar, dinge wat God wil hê dat ons moet aanvaar?

Kinders, hoe verantwoord julle julle lewenstyl voor die Here?

- Is julle seker dat die Here tevrede is met jou vriendekring en dat Hy ook bly is oor die manier waarop julle lewe, en die invloed wat van julle af uitgaan?
- As dit nie so is nie, dan is ons soos die mense van wie hierdie Bybelgedeelte leer dat hulle God se profetemantel gaan aantrek wanneer hulle wil lieg, want dan glo die mense hulle makliker.

Daar kom 'n dag wanneer ons almal voor die Here gaan staan.

- Dan gaan Hy oor hierdie dinge 'n oordeel vel.
- Dis 'n dag wanneer ons heeltemal nakend in ons sondes gaan staan:
 - Daar sal niks wees waaragter ons onself sal kan wegsteek nie.
- Wat gaan dan met ons gebeur?

Wat vra hierdie hoofstuk in die Bybel van ons?

- Ons almal moet vermaan en tug.
- Ons moet valse leer uit die Kerk uitban.

- Die Heilige Gees leer en dryf ons om dit te doen.
- Ons moet ook die Here opreg gelowig dien en eer.

Kom ons doen dit met groot erns, want Jesus het juis met sy dood ons lewens geheilig en gesuiwer. Kom ons hou dit so.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 150:1 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 2 April 2006

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 2 Junie 2014